NG KERK PETRUSBURG

Deur God se genade
'n biddende gemeente,
wat mekaar in liefde dien en
uitreik na die wêreld.

Leraar: Ds.Jaco Thom ✆ 084 523 1157 ✉ jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Skriba: Madette Lombaard ✆ 053 574 0279 ✉ ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis: Elmien Thom ✆ 084 562 3434 ✉ elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster: Annamarie Dercksen ✆ 072 499 4262 ✉ annamarie.dercksen@yahoo.com
www.ngkerkpetrusburg.co.za NG Kerk Petrusburg

5 Junie 2020

Goeie dag almal, dit is 'n besonderse koue dag en ek hoop almal sit met 'n lekker warm koppie tee of koffie en lees die nuusbrief. Ek het al 'n paar mense gehoor kla oor brille wat toe wasem met die dra van die maskers.

Hier is 'n oplossing wat ek raakgelees het van
Spec Savers:

Struggling with fogged up glasses?

- Make sure the top edge of your mask fits snuggly along your nose and cheekbones.
- Before putting on your mask, wet your lenses an lather them with soap or lens spray.
- Rinse them thoroughly with warm water.
- Let them air dry or sop up any remaining water with a gentle fabric.

The soapy water on your lenses forms a kind of anti-condensation barrier that should last for a few hours.

Eredienste:

Die Sinode verwag steeds dat die deurkollektes ingesamel word, ons sal ook weekliks vir u herinner vir wie die betrokke Sondag se deurkollekte ingesamel word. U is ook welkom om dan die bankkollekte en Dankoffers asseblief elektronies oor te betaal. Onthou om asseblief met die oorbetalings verwysings by te sit soos volg:

Dankoffer + Voorletters en Van
Bankkollekte of Deurkollekte.
(Dit is nie nodig om 'n naam by te sit met inbetaling van bankkollekte of deurkollekte nie)

Deuroffers die Sondag 14 Junie – Jeugbediening

VERJAARSDAE

Seënwense vir almal wat die komende week verjaar.
Mag dit 'n besonderse jaar vir elkeen van julle wees:

Junie

14 Janine Van Jaarsveld
15 Petro Du Plooy
15 Ria Smit
16 Marolien Deysel
16 Jean Sheppard
17 Dirk Bouwer
18 Gert Deysel
18 Marilize Nienaber
19 Chris Ferreira
20 Retha Nel
20 Nea Venter
20 **Marietjie Fobian**

Huweliksherdenkings

17 Willie & Babs Meyer (59j)

~~~~~~~~

Laat ons asb. weet van lief en leed sodat ons dit met die gemeente kan deel.

NB: Indien jy weet van iemand wat nie toegang het tot ons digitale uitsending nie, kontak Jaco Thom asb, sodat ons 'n plan kan maak.

'n Korona-manifes - Stephan Joubert

1. Die Here is my Herder. Hy lei my deur elke donker vallei en langs elke groen weiveld.
2. Ek laai graag ander se laste op my skouers. Dit gaan nie net oor myself in hierdie dae nie. Omdat Christus my dra, is daar plek vir ander mense in my lewe. Ek luister, bid en help graag waar ek kan.
3. Ek is 'n connoisseur, 'n fynkenner, van goeie nuus. Ek weier om 'n slaafse oorverteller van goor gerugte en afbrekende verhale te wees. Daar's oorgenoeg mense rondom my wat dit doen. Ek fokus eerder op God se goedheid en op al die goeie dinge wat mense steeds doen.
4. Ek verwag nie by voorbaat die slegste van ander nie. Nooit verlustig ek my daarin as owerhede, skole, kerke en ander sukkel om die regte koers te vind nie.
5. Ek vergelyk nie my eie omstandighede met ander mense s'n nie. Nooit sê ek dit kon erger gewees het nie. Dit is erg genoeg… en dit is goed genoeg!
6. Ek leef vrygewig. Ek deel uit dit wat ekself het.
7. Ek maak vrede met die onseker tye en omstandighede waarin ek myself bevind. Ek weet dinge sal nie gou weer na normaal terugkeer nie. Dit is hoe dit is.
8. Ek vind groter vreugde in eenvoud.
9. Ek leef met eerbied teenoor God en respekvol teenoor mense.
10. Ek weet ek het nie alles verloor nie. Die Here dra my. Hy dra al sy mense.
~~~~~~~~